## VERSLAG VAN DIE VRYSTAATSE TAK VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP

'n Konferensie van alle Vrystaatse Geskiedenis-onderwysers is gehou op die 4de en 5de Junie 1965 in Bloemfontein onder beskerming van die Onderwysersvereniging van die O.V.S. en die Historiese Genootskap van S.A. in samewerking met die Departement van Geskiedenis aan die Universiteit van die O.V.S. Hierdie konferensie het hom dit ten doel gestel om probleme i.v.m. die onderrig van Geskiedenis as vak aan die Vrystaatse skole te bespreek, 'n oplossing te probeer vind of om besluite in dié verband te neem wat aan die Departement van Onderwys in die O.V.S. sou voorgelê word.

Hierdie geesdriftige byeenkoms het gedui op die ernstige vraagstuk i.v.m. die voortbestaan van Geskiedenis as skoolvak. Dié besondere Konferensie het gedien as 'n bewys van die gretigheid tot samewerking en ondersteuning van hierdie poging om 'n weg te probeer vind waarlangs die Geskiedenis hom kan aanpas en handhaaf in die snelveranderde wêreld van ekonomiese en tegnologiese prestasie — 'n wêreld waarin die mens gekondisioneer geraak het vir beroepsonderwys en die stoflike prestasie skynbaar as waarborg moet dien vir die voortbestaan van ons volk. 'n Sprankelende gees van hartlikheid en weetgierigheid het hierdie konferensie deurgaans gekenmerk.

Die hooftema van die Konferensie was: *Die Praktiese aspekte van Geskiedenisonderrig, eksaminering en evaluering.* By dié geleentheid het mnr. J. Bester, huidige eksaminator in Geskiedenis vir die Skooleindsertifikaat in die O.V.S. opgetree as spreker en kon hy aan die konferensie-gangers kosbare gedagtes oordra t.o.v. eksamenwerk. Mnr. D. de Villiers, hoofeksaminator van Geskiedenis vir die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, het in sy lesing gedui op 'n moontlike vernuwing van die eksamenvraestel. 'n Praktiese handleiding vir onderwysers en vir leerlinge by die skryf van die selfstandige Geskiedeniswerkstuk, is aangebied deur dr. M. C. E. van Schoor, Senior-lektor in Geskiedenis aan die U.O.V.S.

'n Bestuur, bestaande uit mnre. K. Pienaar as voorsitter, M. G. Boshof as penningmeester, J. D. Stemmet as sekretaris en prof. J. J. Oberholster as komitee-lid, is verantwoordelik vir die reël van verdere konferensies. Hierdie voortsettingskomitee van die Historiese Genootskap in die O.V.S., sal by die reël van byeenkomste bygestaan word deur twee lede, een vir die Kroonstad-Welkomstreek en een vir die Bethlehem-streek.